

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

AARDRYKSKUNDE VRAESTEL 1

HOËR GRAAD

OKTOBER/NOVEMBER 2006

502-1/1A

AARDRYKSKUNDE HG: Vraestel 1
Vraestel & Bylae

PUNTE: 300

TYD: 3 uur



502 1 1A

HG

X25

Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye en 1 bylae.



Kopiereg voorbehou



GAUTENG

Blaai om asseblief

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.
2. Beantwoord slegs DRIE vroeë: EEN uit AFDELING A
EEN uit AFDELING B
EEN uit AFDELING C
3. ALLE diagramme is in die bylae ingesluit.
4. Begin die antwoord op elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Nommer die antwoorde presies soos die vroeë in hierdie vraestel genommer is.
6. Trek 'n lyn na elke voltooide onderafdeling.
7. MOENIE in die kantlyn van die antwoordeboek skryf nie.
8. Omkring die vraagnommers van vroeë wat jy beantwoord het op die voorblad van jou antwoordeboek.
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Illustreer, waar moontlik, jou antwoord met benoemde diagramme.

AFDELING A: FISIESE AARDRYKSKUNDE

Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 1

- 1.1 Die volgende stellings hou almal verband met fisiese aardrykskunde. Kies die korrekte term tussen hakies om AL die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.5) en die term langsaan neer, byvoorbeeld 1.1.6 breedte.

Middelbreedtesiklone is (1.1.1) (laag/hoog)-drukstelsels wat langs die (1.1.2) (oos/wes)-kus van Suid-Afrika voorkom.

Die hangkruin van 'n mesa is 'n (1.1.3) (konkawe/konvekse) hang en is direk bokant die (1.1.4) (krans/pediment) geleë.

Die (1.1.5) (son/gras) dien as 'n produsent in 'n ekosisteem. (5 x 2) (10)

- 1.2 FIGUUR 1.2 is 'n deel van 'n sinoptiese weerkaart wat tipiese weerstoestande vir die Suidwes-Kaap gedurende die winter aandui. Verwys na FIGUUR 1.2 en beantwoord die volgende vrae:

- 1.2.1 Identifiseer die weerstelsel X op die sinoptiese weerkaart. (1)
- 1.2.2 Noem enige DRIE weertoestande wat by Kaapstad ondervind word. (3)
- 1.2.3 Identifiseer die fronte A, B en C onderskeidelik. (3)
- 1.2.4 Weerstelsel X sal binne die volgende 24 uur oor Kaapstad beweeg.
- (a) Noem enige TWEE weersveranderinge wat Kaapstad binne die volgende 24 uur sal ondervind as weerstelsel X daaroor beweeg. (2 x 2) (4)
- (b) Gee EEN rede vir elk van die weersveranderinge genoem in VRAAG 1.2.4(a). (2 x 2) (4)
- 1.2.5 FIGUUR 1.2 is 'n tipiese winter sinoptiese weerkaart. Gee TWEE redes om hierdie stelling te steun. (2 x 2) (4)
- 1.2.6 Pas jou kennis oor die migrasie van druk- en windgordels gedurende winter en somer toe, en verduidelik waarom middelbreedtesiklone hoofsaaklik gedurende wintermaande oor die Suidwes-Kaap voorkom. (2 x 2) (4)

1.3 Rondom die Suidwes-Kaap na die noorde en ooste is die parallelleliggende Kaapse Plooiberge. Hierdie bergreeks het 'n tipiese dreineringspatroon met hul eie unieke mikroklimaat ontwikkel.

1.3.1 Verwys na FIGUUR 1.3A wat die dreineringspatroon wat in die Kaapse Plooiberge ontwikkel het, aandui.

- (a) Identifiseer die dreineringspatroon geïllustreer in FIGUUR 1.3A. (1)
- (b) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 1.3.1(a). (1 x 2) (2)
- (c) Verduidelik waarom hierdie dreineringspatroon kenmerkend is van die Kaapse Plooiberge. (2 x 2) (4)
- (d) Verduidelik waarom 'n hoë afloop en lae infiltrasie in die geïllustreerde landskap sal voorkom. (2 x 2) (4)
- (e) Noem en beskryf enige ander faktore wat 'n hoë afloop en lae infiltrasie tot gevolg sal hê. (2 x 2) (4)

1.3.2 Verwys na FIGUUR 1.3B wat hellingwinde aandui wat in die Kaapse Plooiberge sal ontwikkel.

- (a) Identifiseer die hellingwind getoon in FIGUUR 1.3B. (1)
- (b) Wanneer sal die hellingwind in VRAAG 1.3.2(a) ontwikkel? (1)
- (c) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 1.3.2(b). (1 x 2) (2)
- (d) Verduidelik hoe die hellingwind getoon in FIGUUR 1.3B ontwikkel. (2 x 2) (4)
- (e) Verwys na FIGUUR 1.3B en verduidelik waarom appels en pere op die valleivloer geplant kan word. (2 x 2) (4)

1.4 As jy verder noordoos van die Kaapse Plooiberge reis, sal jy die struktuurlandskappe geïllustreer in FIGUUR 1.4, vind. Verwys na FIGUUR 1.4 en beantwoord die vrae wat volg:

- | | | |
|-------|--|-------------|
| 1.4.1 | Identifiseer landvorme K en L onderskeidelik. | (2) |
| 1.4.2 | Het landvorme K en L vanuit horizontale of hellende rotslaë ontwikkel? | (1) |
| 1.4.3 | (a) Watter landvorm, K of L, is in die verste stadium van ontwikkeling?

(b) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 1.4.3(a). (1 x 2) | (1 x 2) (2) |
| 1.4.4 | Landvorme K en L sal aanvanklik (eers) van die kante kleiner gemaak word en sal nie laer gemaak word nie. Verduidelik waarom dit so is. | (2 x 2) (4) |
| 1.4.5 | Waar in Suid-Afrika sal hierdie landskap tipies gevind word? (1 x 2) | (2) |
| 1.4.6 | (a) Watter EEN van hange, P, Q, R of S, sal hoofsaaklik uit verweerde materiaal bestaan?

(b) Verduidelik waarom die hang, geïdentifiseer in VRAAG 1.4.6 (a), hoofsaaklik uit verweerde materiaal sal bestaan. (2 x 2) | (1 x 2) (4) |
| 1.5 | Verwys na FIGUUR 1.4 wat 'n ekosisteem aandui tipies van die landskap hier geïllustreer. | |
| 1.5.1 | Definieer die term <i>ekosisteem</i> . | (2) |
| 1.5.2 | Wat is die hoofbron van energie in hierdie ekosisteem? | (1) |
| 1.5.3 | Die boer wat in hierdie ekosisteem boer, gebruik grondwater.

(a) Gee EEN bewys om die bogenoemde stelling te steun.

(b) Hoe beïnvloed die gebruik van grondwater die watertafel in hierdie landskap? | (1 x 2) (2) |

- 1.5.4 Die ekosisteem geïllustreer in FIGUUR 1.4 is vir skaapboerdery gesik.
- (a) Word skaapboerdery ekstensief of intensief in hierdie ekosisteem toegepas? (1 x 2) (2)
- (b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 1.5.4(a). (1 x 2) (2)
- 1.5.5 Skaapboerdery in hierdie ekosisteem het hoofsaklik as gevolg van oorbeweiding tot gronderosie aanleiding gegee.
- (a) Verduidelik hoe oorbeweiding tot gronderosie en die vorming van slote/dongas lei. (3 x 2) (6)
- (b) Met verwysing na FIGUUR 1.5, evalueer enige EEN van die metodes wat ingestel is om gronderosie en die vorming van slote/dongas te bekamp. (2 x 2) (4)
- [100]

OF**VRAAG 2**

- 2.1 Die volgende stellings hou almal verband met fisiese aardrykskunde. Kies die korrekte term tussen hakies om AL die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.5) en die term langsaan neer, byvoorbeeld 2.1.6 siklone.

'n Kuslaagdruk ontwikkel langs die (2.1.1) (wes/oos)-kus van Suidelike Afrika en speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van (2.1.2) (lyndonderstorms/bergwinde).

Tussen paralleliggende homoklinale rûe sal 'n (2.1.3) (tralie-/dendritiese) dreineringspatroon heel waarskynlik ontwikkel. Die takstroompies van die hoofstroom van hierdie dreineringspatroon is (2.1.4) (lank/kort).

In 'n ekosisteem sal (2.1.5) (erdwurms/bakterieë) as ontbinders optree. (5 x 2) (10)

2.2 FIGUUR 2.2 toon die ontwikkeling van bergwindtoestande.

- 2.2.1 Gee TWEE bewyse dat FIGUUR 2.2 bergwindtoestande aandui. (2)
- 2.2.2 Noem TWEE toestande wat tot die ontwikkeling van bergwinde lei. (2)
- 2.2.3 Gedurende watter seisoen kom bergwinde gewoonlik voor? (1 x 2) (2)
- 2.2.4 Verduidelik die redes vir die volgende weerstoestande by Port Elizabeth:
- (a) Hoë temperatuur (2 x 2) (4)
 - (b) Wolkdekking (2 x 2) (4)
- 2.2.5 Bergwinde kan tot ontwikkeling van veldbrande lei.
- (a) Hoe sal veldbrande die plattelandse boeregemeenskap rondom Port Elizabeth negatief beïnvloed? (2 x 2) (4)
 - (b) Noem TWEE maatreëls wat getref kan word om die invloed van veldbrande op boerdery-aktiwiteit te verminder/beperk. (2 x 2) (4)
- 2.2.6 Hoe sal bergwindtoestande in Port Elizabeth opgehef (gestop) word? (1 x 2) (2)

2.3 FIGUUR 2.3 illustreer 'n stedelike hitte-eiland en besoedelingskoepel wat heel waarskynlik oor 'n stad soos Port Elizabeth sal ontwikkel.

2.3.1 Definieer die volgende terme:

- (a) Stedelike hitte-eiland (2)
- (b) Besoedelingskoepel (2)

2.3.2 Verduidelik die rol van besoedeling in die ontwikkeling van die stedelike hitte-eiland. (2 x 2) (4)

2.3.3 Oor 'n kusstad soos Port Elizabeth sal die stedelike hitte-eiland minder ontwikkeld wees as oor 'n binnelandse stad. Verduidelik waarom dit so is. (2 x 2) (4)

- 2.4 Noordoos van Port Elizabeth kry 'n mens die nedersetting Seymour, wat omring is deur 'n landskap soortgelyk aan die een geïllustreer in FIGUUR 2.4.
- 2.4.1 Word die landskap geïllustreer in FIGUUR 2.4 met hellende of horisontale lae geassosieer? (1)
- 2.4.2 Identifiseer landvorm Y. (1)
- 2.4.3 Identifiseer hange P en Q geassosieer met landvorm Y. (2)
- 2.4.4 Verduidelik hoe die onderliggende gesteentestruktuur aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van landvorm Y. (3 x 2) (6)
- 2.4.5 (a) Watter hang, P of Q, is meer gesik vir menslike vesting? (1 x 2) (2)
- (b) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 2.4.5(a). (1 x 2) (2)
- 2.4.6 Verduidelik waarom die landskap geïllustreer in FIGUUR 2.4 vir landboukundige aktiwiteite gesik is. (2 x 2) (4)
- 2.5 Die aard van die landskap geïllustreer in FIGUUR 2.4 leen homself tot die proses van stroomroof. FIGUUR 2.5 toon 'n landskap voor en na stroomroof.
- 2.5.1 Identifiseer die verskynsels van stroomroof A, B, D en E. (4)
- 2.5.2 Verduidelik die proses van stroomroof met verwysing na FIGUUR 2.5. (3 x 2) (6)
- 2.5.3 Verduidelik waarom vloedtoestande meer gereeld in rivier B sal voorkom nadat stroomroof plaasgevind het. (2 x 2) (4)
- 2.5.4 Dui aan hoedat stroomroof die vermoë van rivier B sal verander om die landskap te erodeer. (1 x 2) (2)

2.6 FIGUUR 2.6 illustreer 'n voedselweb in die omgewing van Seymore.

2.6.1 Definieer die volgende terme:

(a) Voedselweb (2)

(b) Voedselketting (2)

2.6.2 Kies vanuit die voedselweb EEN voedselketting wat uit VIER trofiese (voeding-) vlakke bestaan. Skryf die elemente van die voedselketting van die laagste tot die hoogste trofiese vlak neer. (4)

2.6.3 Veronderstel die uil word uit die voedselweb verwyder. Hoe sal dit die vink-, muis-, mol- en haasbevolking gesamentlik beïnvloed?

(1 x 2) (2)

2.6.4 Verduidelik, met verwysing na jou antwoord in VRAAG 2.6.3, hoe die plantegroei in hierdie ekosisteem beïnvloed sal word. (1 x 2) (2)

2.6.5 Verduidelik die belangrikheid van die volhoubaarheid van die biodiversiteit ('n gebalanseerde omgewing wat baie tipes plante en diere bevat) van hierdie ekosisteem. (2 x 2) (4)

2.6.6 Hoe sal jy verseker dat die biodiversiteit in hierdie ekosisteem bewaar word? (2 x 2) (4)
[100]

TOTAAL AFDELING A: **100**

AFDELING B: NEDERSETTINGSAARDRYKSKUNDE

Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 3

3.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld 3.1.1 (f) A.

3.1.1 Verwys na FIGUUR 3.2 wat verskillende nedersettings en die standplose wat vir hierdie nedersettings gekies is, aandui.

(a) Nedersetting A soos in FIGUUR 3.2 getoon, is ...

- A sirkelvormig verspreid/geïsoleerd.
- B lineêr verspreid/geïsoleerd.
- C sirkelvormig kern/kompak.
- D lineêr kern/kompak.

(1 x 2) (2)

(b) Nedersetting A soos in FIGUUR 3.2 getoon, is 'n ...

- A landelike gehuggie.
- B boeredorpie.
- C geïsoleerde plaasopstal.
- D landelike dorp.

(1 x 2) (2)

3.1.2 (a) Die fisiese/ruimtelike groei van 'n stad word na verwys as ...

- A stedelike groei.
- B stedelike uitbreiding.
- C vlak van verstedeliking.
- D tempo van verstedeliking.

(1 x 2) (2)

(b) Die absolute toename in die aantal mense wat in 'n stad woon, word na verwys as ...

- A stedelike groei.
- B stedelike uitbreiding.
- C vlak van verstedeliking.
- D tempo van verstedeliking.

(1 x 2) (2)

- (c) ... meet die hoeveelheid waarmee die persentasie van mense wat in stede woon van jaar tot jaar toeneem.
- A Stedelike groei
 B Stedelike uitbreiding
 C Vlak van verstedeliking
 D Tempo van verstedeliking (1 x 2) (2)
- 3.2 FIGUUR 3.2 toon verskillende nedersettings en standpase wat vir hierdie nedersettings gekies is. Bestudeer FIGUUR 3.2 sorgvuldig voordat jy die volgende vrae beantwoord:
- 3.2.1 Wat beteken die term *standplaas*? (2)
- 3.2.2 Noem TWEE fisiese faktore wat 'n rol in die ontwikkeling van die volgende gespeel het:
- (a) Nedersetting A (2)
 (b) Nedersetting B (2)
- 3.2.3 Verwys na FIGUUR 3.2 en nedersetting A.
- (a) Watter tipe grondeienaarskap word in nedersetting A getoon? (1 x 2) (2)
 (b) Gee TWEE voordele wat 'n boer, wat in nedersetting A woon, het ten opsigte van die bestuur van sy/haar plaas. (2 x 2) (4)
- 3.2.4 (a) Beskryf die vorm van die individuele plase in nedersetting A. (1 x 2) (2)
 (b) Gee EEN rede waarom die plase hierdie vorm aangeneem het. (1 x 2) (2)
- 3.2.5 (a) Sal jy nedersetting A as 'n droëpuntnedersetting beskou of nie? (1 x 2) (2)
 (b) Met verwysing na FIGUUR 3.2, gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 3.2.5(a). (1 x 2) (2)

- 3.2.6 Dit is duidelik vanaf FIGUUR 3.2 dat kommersiële en bestaansboerdery in hierdie gebied toegepas word.
- (a) Noem of kommersiële of bestaansboerdery in elk van die nedersettings A en B toegepas word. (2 x 2) (4)
- (b) Gee EEN rede vir elk van die keuses wat jy in VRAAG 3.2.6 (a) gemaak het. (2 x 2) (4)
- 3.2.7 Baie mense wat in die gebied getoon in FIGUUR 3.2 woonagtig is, trek weg na die stede.
- (a) Gee TWEE stooffaktore wat sal veroorsaak dat mense landelike gebiede verlaat. (2 x 2) (4)
- (b) Wat is die gevolge (negatief) van die bogenoemde beweging vir landelike gebiede? (2 x 2) (4)
- (c) Watter maatreëls kan ingestel word om die beweging van mense vanuit landelike gebiede te vertraag? (2 x 2) (4)
- 3.3 Landelike migrante sal trek na, en woon in, nedersettings soos die een geïllustreer in FIGUUR 3.3. FIGUUR 3.3 toon verskillende grondgebruiksones wat 'n mens in die stad vind.
- 3.3.1 Definieer die term *grondgebruiksone*. (2)
- 3.3.2 Noem enige DRIE grondgebruiksones in 'n stad. (3)
- 3.3.3 FIGUUR 3.3 toon die syaansig van 'n stad.
- (a) Watter term word gebruik om hierdie syaansig te beskryf? (1)
- (b) Beskryf die verandering in gebouedigtheid soos 'n mens vanaf sone 1 na sone 5 beweeg. (1 x 2) (2)
- (c) Beskryf die verandering in hoogte van geboue soos 'n mens vanaf sone 1 na sone 5 beweeg. (1 x 2) (2)
- (d) Verduidelik die rede vir die veranderinge in gebouedigtheid en hoogte. (2 x 2) (4)

- 3.3.4** Rondom die SSK van die stad vind 'n mens gewoonlik die vervalsone (oorgangsone). Dit is 'n sone van gemengde funksies.
- (a) Verduidelik, deur voorbeeld te gebruik, wat met *gemengde funksies* bedoel word. (2 x 2) (4)
 - (b) Watter tipe nywerhede sal 'n mens heel waarskynlik hier aantref? Verduidelik jou antwoord. (2 x 2) (4)
 - (c) Is grondwaardes in die vervalsone (oorgangsone) laag of hoog? (1 x 2) (2)
 - (d) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 3.3.4(c). (2 x 2) (4)
 - (e) Die vervalsone (oorgangsone) word deur swak sosiale toestande en geboue in 'n haglike toestand gekenmerk. Baie stedelike hernuwingsprojekte fokus op die verbetering van toestande hier. Stel TWEE moontlike maatreëls voor wat ingestel kan word om toestande hier te verbeter. (2 x 2) (4)
- 3.3.5** Die SSK is die kommersiële hart van die stad en baie hoë-orde- en lae-ordefunksies word hier aangetref.
- (a) Onderskei tussen hoë-orde- en lae-ordefunksies. (2 x 2) (4)
 - (b) Waarom vind ons so baie hoë-ordefunksies in die SSK? (1 x 2) (2)
 - (c) Waarom vind ons ook so baie lae-ordefunksies in die SSK? (1 x 2) (2)
 - (d) Baie kommersiële funksies beweeg van die SSK na die buitewyke/voorstede van die stad. Gee TWEE redes waarom dit gebeur. (2 x 2) (4)
 - (e) Wat noem ons hierdie beweging van kommersiële funksies vanaf die SSK na die buitewyke van die stad? (1 x 2) (2)
 - (f) Bespreek TWEE moontlike oplossings om die proses genoem in VRAAG 3.3.5(e) te vertraag. (2 x 2) (4)
- [100]**

OF

VRAAG 4

4.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (4.1.1 - 4.1.2) neer, byvoorbeeld 4.1.3 (f) A.

4.1.1 Verwys na FIGUUR 4.2 wat 'n plaas in die suidelike halfrond aandui.

(a) Die plaasopstal is op die ... gerigte hang geleë.

- A noordwaarts
- B ooswaarts
- C suidwaarts
- D weswaarts

(1 x 2) (2)

(b) Die boer kon moontlik die produkte ... produseer.

- A melk en mielies
- B wol en lemoene
- C wol en melk
- D mielies en lemoene

(1 x 2) (2)

4.1.2 Verwys na FIGUUR 4.4.

(a) Die straatpatroon by Naledi is 'n ... patroon.

- A beplande onreëlmataige
- B onbeplande onreëlmataige
- C radiale-/spinnerak-
- D reghoekige/rooster-

(1 x 2) (2)

(b) Die grootte van kommersiële gebiede in hierdie nedersetting verskil van mekaar. Watter van die volgende kombinasies toon die rangskikking van die nedersetting van die grootste tot die kleinste?

- A X, H, S, E
- B X, E, H, S
- C H, E, S, X
- D H, X, E, S

(1 x 2) (2)

- (c) Watter grondgebruiksone beslaan die grootste gebied in 'n stedelike nedersetting?
- A Oorgangsone/Vervalsone
 B Kommersiële/Besigheidsone
 C Residensiële sone
 D Industriële sone
- (1 x 2) (2)

4.2 FIGUUR 4.2 toon 'n boerderynedersetting in die Suidelike Halfrond. Verwys na FIGUUR 4.2 en beantwoord die volgende vrae:

- 4.2.1 Wat is 'n nedersetting? (2)
- 4.2.2 (a) Het die nedersetting wat hier aangedui word 'n kern/kompakte of 'n verspreide/geïsoleerde patroon? (1)
- (b) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.2.2(a). (1)
- 4.2.3 (a) Is die nedersetting wat hier aangedui word landelik of stedelik van aard? (1)
- (b) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.2.3(a). (1 x 2) (2)
- 4.2.4 'n Boer woonagtig in hierdie nedersetting produseer meer as een produk. Bespreek die voordele daarvan verbonde om meer as een produk te produseer. (3 x 2) (6)
- 4.2.5 'n Boer het 'n spesifieke standplaas vir sy plaasopstal in verhouding tot die plaasgrense gekies.
- (a) Beskryf die ligging van die plaasopstal in verhouding tot die plaasgrense. (1 x 2) (2)
- (b) Wat is die voordele om hierdie standplaas te kies met in agneming van die plaasgrense? (2 x 2) (4)

4.3 As gevolg van droogtes ondervind baie boerderygemeenskappe landelike ontvolking.

- 4.3.1 Wat is *landelike ontvolking*? (2)
- 4.3.2 Definieer die term *droogte*. (2)
- 4.3.3 Gee redes waarom droogtes aanleiding gee tot landelike ontvolking. (3 x 2) (6)
- 4.3.4 Met verwysing na FIGUUR 4.2, gee 'n bewys dat die boer op moontlike droogtetoestande voorbereid is. (1 x 2) (2)
- 4.3.5 Watter ander metodes kan voorgestel word om die gevolge van droogtes te verminder? (2 x 2) (4)
- 4.3.6 Verduidelik waarom kommersiële boere minder probleme as bestaanboere gedurende droogtetye sal ervaar. (2 x 2) (4)

4.4 Baie boere wat boerderygemeenskappe verlaat, sal hulle in groot stede soos die een geïllustreer in FIGUUR 4.4 vestig. Bestudeer FIGUUR 4.4 sorgvuldig voordat jy die volgende vrae beantwoord:

- 4.4.1 Verwys na die residensiële gebied, Naledi.
 - (a) Noem TWEE voordele van Naledi se straatpatroon. (2 x 2) (4)
 - (b) Noem TWEE nadele van Naledi se straatpatroon. (2 x 2) (4)
 - (c) Watter EEN van die drie residensiële gebiede, Gardenia, Naledi of Protea is die oudste? (1 x 2) (2)
 - (d) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 4.4.1(c). (1 x 2) (2)

4.4.2 Verwys na die industriële landgoed.

- (a) Wat is 'n *industriële landgoed*? (2)
- (b) Sal ons swaar of ligte nywerhede in hierdie industriële landgoed aantref? (1)
- (c) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 4.4.2(b). (1 x 2) (2)
- (d) Toeganklikheid het 'n belangrike rol in die keuse van die standplaas van hierdie industriële landgoed gespeel.
Verduidelik hierdie stelling. (1 x 2) (2)
- (e) Verskaf TWEE ander redes waarom hierdie standplaas vir die ontwikkeling van hierdie industriële landgoed gekies is. (2 x 2) (4)
- (f) Hoe het die ontwikkeling van die industriële landgoed grondwaardes in Protea beïnvloed? (1 x 2) (2)
- (g) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 4.4.2(f). (2 x 2) (4)

4.4.3 Die ontwikkeling van die industriële landgoed het besoedelingsvlakke in die stad laat toeneem.

- (a) Watter woonbuurt, Gardenia, Naledi of Protea sal die meeste deur lugbesoedeling beïnvloed word? (1 x 2) (2)
- (b) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 4.4.3(a). (1 x 2) (2)
- (c) Watter maatreëls kan ingestel word om lugbesoedelingsvlakke van die industriële landgoed te verminder? (2 x 2) (4)

- 4.4.4** Baie verskillende kommersiële/besigheidsones kan in die neder-setting soos aangedui in FIGUUR 4.4 waargeneem word.
- (a) Watter kommersiële/besigheidsone kom in die kleinste getalle voor? Sluit die SSK by jou antwoord uit. (1)
 - (b) Watter kommersiële/besigheidsone kom in die grootste getalle voor? (1)
 - (c) Verduidelik jou antwoorde op VRAAG 4.4.4(a) en VRAAG 4.4.4(b). (2 x 2) (4)
 - (d) Watter kommersiële/besigheidsone, H of S, sal 'n kleiner drempelbevolking hê? (1 x 2) (2)
 - (e) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.4.4(d). (1 x 2) (2)
 - (f) Watter kommersiële/besigheidsone, H of S, sal 'n groter reikwydte hê? (1 x 2) (2)
 - (g) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.4.4(f). (1 x 2) (2)
- [100]**

TOTAAL AFDELING B: **100**

AFDELING C: STREEKSAARDRYKSKUNDE

Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 5

5.1 Die volgende vrae verwys na inligting wat verband hou met Suid-Afrikaanse aardrykskunde.

5.1.1 Kies die korrekte term tussen hakies om AL die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte term langsaan neer, byvoorbeeld 5.1.1 (d) herfs.

Gauteng is in die (a) (grasland/woud)-plantegroeistreek geleë.

Gauteng is in 'n (b) (winter/somer)-reënvalstreek en (c) (orografiese/konveksie-) donderstorms kom gereeld voor. (3 x 2) (6)

5.1.2 Verwys na FIGUUR 5.7. Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld 5.1.2 (c) A.

(a) Die TWEE wateroordragskemas wat Gauteng van vars water voorsien, is ...

- | | | | |
|---|-------------|---------|-----|
| A | i and ii. | | |
| B | i and iii. | | |
| C | ii and iii. | | |
| D | iii and iv. | (1 x 2) | (2) |

(b) Die Lesotho Hooglandwaterprojek is ... in FIGUUR 5.7.

- | | | | |
|---|-----|---------|-----|
| A | i | | |
| B | ii | | |
| C | iii | | |
| D | iv | (1 x 2) | (2) |

GAUTENG DIE KOMMERSIELLE HART

Deur VUSUMUZI KA NZAPHEZA

Dit mag Suid-Afrika se kleinste provinsie wees teen net 17 000 km², maar Gauteng verteenwoordig die helfte van die land se inkomste en dit betaal bykans die helfte van die land se salaris. 'n Statistiek Suid-Afrika-opname het getoon dat werknemers in Gauteng tot 47,7% van die land se totale omset verteenwoordig en dat Gauteng tot 50,4% van die land se besigheid bygedra het. Hierdie inligting was gebruik om die bruto binnelandse produk (BBP) per streek te beraam.

Volgens die verslag het totale vergoeding in die land met 4,5% afgeneem, terwyl totale omset met 3,4% in die derde kwartaal van 2005 toegeneem het.

Gauteng is die land se ekonomiese kern. Ongeveer nege miljoen mense woonagtig in dié provinsie dra 'n beraamde een derde tot die land se BBP by, en 9% van die BBP van die kontinent. Die vervaardigingsektor alleen het 600 000 mense in diens geneem in meer as 9 000 ondernemings.

Vertaal uit: CITIZEN, 23 Desember 2005

5.2 Verwys na FIGUUR 5.2 en beantwoord die volgende vrae:

- 5.2.1 Noem Gauteng se buurprovinsies E, F, G en H. (4)
- 5.2.2 Noem die klimaatstreek waarin Gauteng geleë is. (1)
- 5.2.3 Noem die hoofstad van Gauteng. (1)

5.3 Gauteng is die kleinste provinsie in Suid-Afrika, maar het die grootste bevolking. Dit plaas Gauteng se natuurlike hulpbronne onder groot druk. Verwys na FIGUUR 5.3 en beantwoord die volgende vrae:

- | | | |
|-------|--|-------------|
| 5.3.1 | Noen TWEE natuurlike hulpbronne wat onder druk geplaas word as gevolg van 'n toename in bevolkingsgetalle in Gauteng. | (2) |
| 5.3.2 | Gee TWEE moontlike redes vir die groot bevolkingsgetalle in Gauteng. | (2 x 2) (4) |
| 5.3.3 | Verduidelik waarom die twee natuurlike hulpbronne wat jy in VRAAG 5.3.1 genoem het onder druk geplaas word as gevolg van 'n toename in bevolkingsgetalle. | (2 x 2) (4) |
| 5.3.4 | Noem moontlike voorsorgmaatreëls wat deur Gauteng se provinsiale regering ingestel kan word om die druk wat op hierdie natuurlike hulpbronne geplaas word, te verminder. | (2 x 2) (4) |
| 5.3.5 | Watter metodes kan moontlik ingestel word om bevolkingsgroei in Suid-Afrika te vertraag? | (3 x 2) (6) |
|
 | | |
| 5.4 | Mynbou speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van Gauteng se nywerhede. | |
| 5.4.1 | Noem die hoofmineraal wat in Gauteng ontgin word. | (1) |
| 5.4.2 | Watter naam word aan die semi-sirkelvormige gebied gegee waar die bogenoemde mineraal ontgin word? | (1) |
| 5.4.3 | Noem enige TWEE faktore wat die ontwikkeling van mynbou in Suid-Afrika begunstig het. | (4) |
| 5.4.4 | Noem enige TWEE faktore wat die ontwikkeling van mynbou in Suid-Afrika gestrem (verhinder) het. | (2 x 2) (4) |
| 5.4.5 | Baie van Suid-Afrika se minerale word as grondstowwe of as onverwerkte materiale uitgevoer. Dit het 'n negatiewe invloed op Suid-Afrika se handelbalans. Verduidelik hierdie stelling. | (2 x 2) (4) |

- 5.5 Die ontwikkeling van nywerhede het grootliks daartoe bygedra dat Gauteng die grootste bydraer tot Suid-Afrika se BBP is.
- 5.5.1 Waarvoor staan die afkorting *BBP*? (2)
- 5.5.2 Verduidelik die betekenis van die term *BBP*. (2)
- 5.5.3 Gee redes waarom Gauteng die grootste bydraer tot Suid-Afrika se BBP is. (2 x 2) (4)
- 5.5.4 Die koerantartikel meld dat daar meer as 9 000 ondernemings binne die vervaardigingsektor is.
- (a) Bespreek TWEE faktore wat nywerheidsontwikkeling in Gauteng begunstig. (2 x 2) (4)
- (b) Bespreek TWEE faktore wat nywerheidsontwikkeling in Gauteng strem (verhinder). (2 x 2) (4)
- (c) Gee EEN voorbeeld van 'n swaar nywerheid wat in Gauteng gevind word. (1 x 2) (2)
- 5.5.5 Die konsentrasie van nywerheidsaktiwiteite in Gauteng het daartoe gelei dat baie stedelike probleme in hierdie provinsie ondervind word.
- (a) Gee TWEE stedelike probleme wat in Gauteng ondervind word. (2 x 2) (4)
- (b) Gee EEN oplossing vir elkeen van die stedelike probleme wat in VRAAG 5.5.5(a) genoem is. (2 x 2) (4)
- 5.6 Van al die provinsies in Suid-Afrika het Gauteng die digste vervoernetwerk.
- 5.6.1 Verduidelik waarom Gauteng so 'n digte vervoernetwerk ontwikkel het. (1 x 2) (2)
- 5.6.2 'n Goed ontwikkelde vervoernetwerk is noodsaaklik in die ekonomiese ontwikkeling van 'n binnelandse provinsie soos Gauteng. Bespreek hierdie stelling. (2 x 2) (4)
- 5.6.3 Wat is die hoofprobleem wat die vervoernetwerk in Gauteng huidig in die gesig staar? (1 x 2) (2)
- 5.6.4 Die vestiging van meer tolpaale kan die druk op Gauteng se vervoernetwerk verlig. Stem jy saam met hierdie stelling? Gee redes vir jou antwoord. (2 x 2) (4)

5.7 Ten einde te voorsien in die toenemende aanvraag na vars water in Gauteng is twee hoofwateroordragskemas (i en ii in FIGUUR 5.7) ontwikkel. Verwys na FIGUUR 5.7 en beantwoord die volgende vrae:

- | | | |
|-------|---|---------|
| 5.7.1 | Identifiseer riviere X en Y onderskeidelik. | (2) |
| 5.7.2 | Rivier X vorm 'n internasionale grens. Noem die land wat van Suid-Afrika deur rivier X geskei word. | (1) |
| 5.7.3 | In watter oseaan vloei rivier X? | (1) |
| 5.7.4 | Gee TWEE redes waarom daar 'n behoeftte was om vars water na Gauteng in te voer. | (2 x 2) |
| 5.7.5 | Noem enige TWEE voordele van die Lesotho Hooglandwaterprojek vir Lesotho. | (2 x 2) |
- [100]**

OF

VRAAG 6

6.1 Die volgende vrae verwys na inligting wat verband hou met Suid-Afrikaanse aardrykskunde.

- 6.1.1 Kies die korrekte term tussen hakies om AL die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer en die term langsaan neer, byvoorbeeld 6.1.1(d) Gauteng.

Die Oos-Kaap is in die (a) (savanna/subtropiese woud)-plantgroeistreek geleë. Baie mense woonagtig in die Oos-Kaap boer om van dag tot dag te oorleef en kan daarom as (b) (bestaans-/kommersiële) boere geklassifiseer word. Ten einde water te voorsien vir besproeiing in hierdie provinsie is die (c) (Tugela-Vaal/Oranje-Vis)-wateroordragskema ontwikkel. (3 x 2) (6)

- 6.1.2 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld 6.1.2(c) A.

- (a) ... is die mees prominente nywerheidsaktiwiteit wat in die Port Elizabeth-Uitenhage-nywerheidsgebied plaasvind.

- | | | |
|---|--------------------------|-------------|
| A | Motormonteringsaanleg | |
| B | Olieraffinadery | |
| C | Petro-chemiese produksie | |
| D | Yster- en staalproduksie | (1 x 2) (2) |

(b) ... is die hoofstad van Oos-Kaap.

- A Oos-Londen
- B Port Elizabeth
- C King William's Town/Bisho
- D Umtata

(1 x 2) (2)

Die Oos-Kaap is een van Suid-Afrika se mees bevolkte provinsies. Dit is ook een van die armste provinsies. Alhoewel die Port-Elizabeth-Uitenhage-nywerheidskompleks hier gevind word, is baie mense nog steeds afhanklik van landbou vir inkomste.

6.2 Verwys na FIGUUR 6.2 om die volgende vrae te beantwoord:

- 6.2.1 Identifiseer Suid-Afrika se buurland A. (1)
- 6.2.2 Identifiseer die oseaan C. (1)
- 6.2.3 Identifiseer die seestroom B. (1)
- 6.2.4 Is seestroom B warm of koud? (1)
- 6.2.5 Seestroom B beïnvloed die klimaat langs die ooskus van Suid-Afrika.
 - (a) Watter invloed het seestroom B op temperatuur langs die ooskus van Suid-Afrika? (1 x 2) (2)
 - (b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 6.2.5(a). (2 x 2) (4)
 - (c) Die effek van seestroom B het 'n positiewe invloed op toerisme en ekonomiese ontwikkeling langs Suid-Afrika se ooskus gehad. Bespreek hierdie stelling. (2 x 2) (4)
 - (d) Tot watter ekonomiese sektor behoort toerisme? (1 x 2) (2)
 - (e) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 6.2.5(d). (1 x 2) (2)

6.3 Boerdery dra grootliks by tot die BBP van die Oos-Kaap.

- 6.3.1 Met verwysing na FIGUUR 6.3, identifiseer TWEE hooflandbouprodukte wat in die Oos-Kaap verbou word. (2)
- 6.3.2 Tot watter ekonomiese sektor behoort landbou? (1 x 2) (2)
- 6.3.3 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 6.3.2. (1 x 2) (2)
- 6.3.4 Soos in die res van Suid-Afrika, is boerdery-aktiwiteite geweldig afhanklik van besproeiing.
- (a) Waarom is boerdery-aktiwiteite van besproeiing afhanklik? (2)
 - (b) Hoe beïnvloed besproeiing landboukundige uitsette in die Oos-Kaap? (1 x 2) (2)
 - (c) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 6.3.4(b). (1 x 2) (2)
 - (d) Met in agneming van jou antwoord in VRAAG 6.3.4(b), hoe sal dit die Oos-Kaap se bydrae tot die land se BBP beïnvloed? (1 x 2) (2)

6.4 Suid-Afrika se geografiese ligging tussen Wes-Europa en die Asiatische lande het die ontwikkeling van hawens in die land begunstig. Verwys na FIGUUR 6.3 om die volgende vrae te beantwoord:


- 6.4.1 Identifiseer hawens D en E. (2)
- 6.4.2 Verduidelik waarom Suid-Afrika se geografiese ligging die ontwikkeling van hawens soos D en E begunstig het. (2 x 2) (4)
- 6.4.3 Verduidelik waarom die ontwikkeling van hawens voordelig vir Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling is. (2 x 2) (4)

6.5 As gevolg van die feit dat baie mense afhanglik is van bestaansboerdery in Suid-Afrika en daarom ook in die Oos-Kaap, kom baie omgewingsprobleme voor. Verwys na FIGUUR 6.5 en beantwoord die volgende vrae:

- | | |
|---|---|
| 6.5.1 | Verduidelik die betekenis van die term <i>bestaansboerdery</i> . (2) |
| 6.5.2 | Watter bewys in FIGUUR 6.5 dui daarop dat bestaansboerdery plaasvind? (2) |
| 6.5.3 | Verduidelik waarom die bydrae van bestaansboerdery tot Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling minimaal (klein) is. (2 x 2) (4) |
| 6.5.4 | Bespreek metodes wat ingestel kan word ten einde bestaansboere behulpsaam te wees om 'n betekenisvolle bydrae tot Suid-Afrika se ekonomie te maak. (2 x 2) (4) |
| 6.5.5 | Ten spyte van probleme wat bestaansboere in die gesig staar, is daar baie faktore wat landboukundige ontwikkeling in Suid-Afrika begunstig. Noem TWEE faktore wat landboukundige ontwikkeling in Suid-Afrika sal begunstig. (2 x 2) (4) |
| <p>6.6 Bestaansboerderypraktyke plaas meer druk op die grond om 'n groot aantal mense te onderhou. Dit lei tot ontbossing, gronderosie en verwoestyning. Verwys na FIGUUR 6.5 om die volgende vrae te beantwoord:</p> | |
| 6.6.1 | Verduidelik die betekenis van die term <i>ontbossing</i> . (2) |
| 6.6.2 | Gee TWEE moontlike redes waarom ontbossing in Suid-Afrika toeneem. (2 x 2) (4) |
| 6.6.3 | Beskryf die gevolge van ontbossing op natuurlike ekosisteme in Suid-Afrika. (2 x 2) (4) |
| 6.6.4 | Hoe kan die beleid van volhoubare ontwikkeling ingestel word om Suid-Afrika se natuurlike plantgroei effektief te benut? (2 x 2) (4) |

6.7 Die omvang van mense geïnfekteer met en geaffekteer deur MIV/VIGS neem toe in Suid-Afrika. Dit het verreikende gevolge op Suid-Afrika se bevolkingsgetalle, arbeidsmag en ekonomiese ontwikkeling. Verwys na FIGUUR 6.7 en beantwoord die volgende vrae:

- | | | |
|-------|--|-------------------------------|
| 6.7.1 | Waarvoor staan die akroniem V/GS? | (2) |
| 6.7.2 | Bespreek en verduidelik die gevolge van MIV/VIGS op die volgende: | |
| (a) | Bevolkingsgetalle | (2 x 2) (4) |
| (b) | Ekonomiese ontwikkeling | (2 x 2) (4) |
| (c) | Familie-eenhede | (2 x 2) (4) |
| 6.7.3 | Stel TWEE moontlike maatreëls voor om die verspreiding van MIV/VIGS in Suid-Afrika te voorkom. | (2 x 2) (4)
[100] |
| | | TOTAAL AFDELING C: 100 |
| | | GROOTTOTAAL: 300 |



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

AARDRYSKUNDE VRAESTEL 1 BYLAE



HOËR GRAAD / STANDAARDGRAAD

OKTOBER/NOVEMBER 2006



502-1/1A & 502-2/1A

BYLAE

Hierdie bylae bestaan uit 7 bladsye.

FIGUUR 1.2**FIGUUR 1.3A**

Impermeable/Ondeurlaatbaar
Permeable/Deurlaatbaar

FIGUUR 1.3B**FIGUUR 1.3B****FIGUUR 1.4**

Resistant rock / Weerstandbiedende rots







FIGUUR 1.5

FIGURE 2.2 FIGUUR 2.2**FIGURE 2.3****FIGUUR 2.3****FIGURE 2.4****FIGUUR 2.4****FIGURE 2.5 FIGUUR 2.5****FIGURE 2.6****FIGUUR 2.6**


Kopiereg voorbehou




Blaai om asseblief

FIGURE 3.2

FIGUUR 3.2



Settlement/Nedersetting A



Settlement/Nedersetting B




FIGURE 3.3

FIGUUR 3.3






FIGURE 4.2



FIGUUR 4.2

FIGURE 4.4



FIGUUR 4.4

FIGUUR 5.2






FIGURE 5.3






FIGUUR 5.3

FIGURE 5.7



FIGUUR 5.7

AFRIKAANS**FIGUUR 6.2****FIGUUR 6.3****FIGUUR 6.7****FIGUUR 6.5**